
Storiesterre vir Klein Harte

Ouma se Voorskoot



ANNABEL LIVERSAGE



Ouma se Voorskoot


Ek is nie sommer enige lap nie. Nee wat! Ek is Ouma se voorskoot — 'n egte een, met kolletjies, 'n vlek of twee van koekies bak, sjokolade-handjies afgedruk en sakke propvol geheime.

"Ek het al meer stories gehoor as wat daar krummels op Ouma se vloer lê. Vandag, liewe kind, vertel ék vir jou 'n storie."

Ek is Ouma se Voorskoot.

Ek hang nou al jare aan dieselfde ou
spyker agter die kombuisdeur.





My nate is ’n bietjie los, en my een sak het ’n gaatjie waar ’n lepel al deurgeglip het — maar o, my liewe kind, moenie my afskryf nie.
As jy mooi kyk sal jy ’n paar vlekke raaksien wat vertel van lekker “tjips” en tamatiesous.
Ek was daar toe Ouma haar eerste konfyt gekook het.

Toe sy huil oor ’n boodskap; en toe sy lag vir daardie een koek wat soos ’n hoed gerys het!





My lap is dalk oud, van Ouma se ou gordyn gemaak; maar ek is vol stories. Stories van liefde, van krummelpadjies vol kinderstappies, en van gebede wat stil in kolwyntjiemeelstof gefluister is...

Ek was daar toe Ouma vir klein Diané leer koekies bak het; die eerste keer het die meel tot teen haar wenkbroue gesit!
Ek het lag-lag die melkdruppels opgevee toe sy haar glas melk omgestamp het. Ouma het net geglimlag en gesê: “Dis hoe ons leer, my lammetjie.”





Ek het ook al trane gesien. Soms
drup hulle sag op my lap as Ouma ’n
briefie van ver lees. Of as sy voor die
stoof stil raak en aan Oupa dink, wat
áltyd vir haar ’n roos uit die tuin
gebring het.
Ek hou daardie trane veilig. Dis mos
kosbare druppels, daardie —
opgevang in ’n skotteltjie van gebede.

En weet jy, partykeer gebruik Ouma my sakke om lekkertjies in weg te steek. Sommer net, omdat sy hou van verras.





Ek’s soos ’n skatkis; jy weet nóóit
wanneer ek ’n toffie, of ’n gebed vir
jou uit my voue sal haal nie.

Elke oggend, nog voor die voëltjies begin fluit, word ek van my hakie gehaal. Ouma se hande is sag en ruik altyd na seep en kaneel.
Ek vou so lekker om Ouma se lyf, sag om haar heupe waar haar nat hande sommer so op ’n drafstap afgevee kan word. Ek was daar wanneer Diané vir Ouma help skottelgoed was; dan sing ek hartlik saam!





Ouma hou van bak en brou, daarom is sy elke dag in die kombuis voor die koolstoof. Elke vou van my ken sy, en dan weet ek; vandag gaan ek weer deel wees van iets besonders.

Soos elke oggend, stap Ouma stadig hoenderkampie toe. Sy stap oor die dounat gras. Haar voete laat spore agter terwyl die dou op haar skoene spring.
In my sak is daar baie plek vir vars eiers.
“My wêreld,” sê sy sag vir haarself as sy by die kampie kom, “die hennetjies het weer hard gewerk.”





Een vir een haal Ouma die eiers versigtig onder die henne uit. En dáár, in die sagte voue van my lap, lê die eiers; wit, roomkleurig en warm soos die sonnetjie self.

Maar wag, ek moet julle vertel van Antjie, die Rooibruin Hen...
Sy is ’n stuitige ding. Sy wip met gemak en fladder-fladder oor die draadheining, met haar rooi vlerke waaiend soos ’n klein stormwind, reguit tuin toe.
Sy is reg vir haar tuin-avonture. Reg vir haar skrop, met skerp tone tussen die laventelbos en pietersielie.
“Ag, Antjie,” sug Ouma met ’n lag, “jy soek alweer na wurms tussen my pietersielie!”
Maar sy laat haar begaan, want selfs die stoute hen het ’n plekkie in Ouma se hart; net soos in haar voorskoot.





Ek mag maar net 'n stukkie lap wees,
maar ek dra duisende herinneringe.
En al hang ek nou stil teen die
agterdeur; ek was deel van liefde.

En as die dag stil raak en die son sak, hang Ouma my terug aan die haak. Maar as jy mooi kyk, kan jy nog die sagte buiging sien waar die eiers gelê het, en die sagte vuilmerke van ’n kind se hand wat vasgehou het aan die liefde van daardie warm, bekende lap.
“Hulle noem my net ‘Voorskoot’,” fluister ek, “maar ek was daar — vir elke traan, lag, koekresep en kombuiskuier wat jy jou kan indink.”

Slotgedagte

Jy sien my net as ’n voorskoot; maar ek dra herinneringe van liefde, warmte en sorg.
Mag jy ook ’n “voorskoot” wees in iemand se lewe — ’n sagte lap wat vreugde opvang, trane troos, en elke dag met liefde dien.

